


OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA.

OFFISIËLE KOERANT



UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Monday, 1 July 1968

WINDHOEK

Maandag, 1 Julie 1968

No. 2903

CONTENTS

INHOUD

Page/Bladsy

PROCLAMATIONS:

- No. 41 Township Lüderitz (Extension 4): Establishment of
- No. 42 Township Tamariskia: Amendment of Conditions of Establishment
- No. 43 Township Witvlei: Amendment of Conditions of Establishment
- No. 44 Farm Roads, District Keetmanshoop: Proclamation and Closing of
- No. 45 District Road, District Windhoek: Lowering in Status of
- No. 46 Farm Road, District Otjiwarongo: Proclamation and Closing of

PROKLAMASIES:

- Dorp Lüderitz (Uitbreiding 4): Stigting van 1175
- Dorp Tamariskia: Wysiging van Stigtingsvoorwaardes 1178
- Dorp Witvlei: Wysiging van Stigtingsvoorwaardes 1178
- Plaaspaai, Distrik Keetmanshoop: Proklamering en Sluiting van 1179
- Distrikspad, Distrik Windhoek: Verlaging in Status van 1179
- Plaaspad, Distrik Otjiwarongo: Proklamering en Sluiting van 1180

GOVERNMENT NOTICES:

- No. 89 Contributions towards the Cost of Jackalproof Fences: Proclamation of the Boundaries of the Aus Area, District Lüderitz
- No. 90 Close Season for Rock Lobster: Amendment
- No. 91 Regulations Consolidating and Amending the Regulations for the Control of the Prison's Branch of the Administration of South West Africa
- No. 92 Village Management Board Area of Stampriet: Amendment of Model Water Supply Regulations
- No. 93 Commissioners of Oaths Ex Officio: Amendment of Schedule to Proclamation 24 of 1928
- No. 94 Radio Regulations, 1957: Amendment
- No. 95 Land and Agricultural Bank of South West Africa: Amendment of Staff Regulations
- No. 96 Municipality of Walvis Bay: Amendment of Health Regulations
- No. R.1026 (Republic) Indecent, Obscene and Objectionable Goods — List No. B. 69
- No. R.1027 (Republic) Undesirable Publications and Objects — List No. A. 74
- No. R.1028 (Republic) Indecent, Obscene and Objectionable Goods — List No. C. 52
- No. R.1046 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 2 (No. 2/44)

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

- Bydraes tot die koste van Jakkalsdraadheining: Proklamering van die Grense van die Kring Aus, Distrik Lüderitz 1180
- Geslote Seisoen vir Kreef: Wysiging 1181
- Regulasies tot Samevatting en Wysiging van die Regulasies op die Beheer van die Afdeling Gevangenis van die Administrasie van Suidwes-Afrika 1181
- Dorpsbestuursgebied van Stampriet: Wysiging van Modelregulasies op Waterlewering 1189
- Kommissaris van Ede ex Officio: Wysiging van Bylae van Proklamasie 24 van 1928 1189
- Radioregulasies 1957: Wysiging 1194
- Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika: Wysiging van Personeelregulasies 1195
- Munisipaliteit Walvisbaai: Wysiging van Gesondheidsregulasies 1195
- (Republiek) Onbetaamlike, Onweloweglike en Aanstootlike Goedere-Lys No. B. 69 1196
- (Republiek) Ongewenste Publikasies en Voorwerpe — Lys No. A. 74 1197
- (Republiek) Onbetaamlike, Onweloweglike en Aanstootlike Goedere-Lys No. C. 52 1197
- (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae No. 2 (No. 2/44) 1197

No. R.1047	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 2 (No. 2/45)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae No. 2 (No. 2/45)	1198
No. R.1052	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 2 (No. 2/46)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae No. 2 (No. 2/46)	1198

GENERAL NOTICES:

No. 112	Municipality of Keetmanshoop: Proposed Permanent Closing of Street Portions	Munisipaliteit van Keetmanshoop: Voorgestelde Permanente Sluiting van Straatgedeeltes	1199
No. 113	Mines: Granting of Exclusive Rights	Mynwese: Toekenning van Alleenregte	1199
No. 114	Mines: Withdrawal from Pegging: District Omaruru	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Omaruru	1200
No. 115	Mines: Withdrawal from Pegging: District Warmbad	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Warmbad	1200
No. 116	Municipality of Windhoek: Proposed closing of Street Portions	Munisipaliteit van Windhoek: Voorgestelde sluiting van Straatgedeeltes	1200
No. 117	Municipality of Gobabis: Proposed closing of Pedestrian lane	Munisipaliteit van Gobabis: Voorgestelde Sluiting van Voetgangerdeurgang	1200
No. 118	Mines: Granting of Exclusive Rights	Mynwese: Toekenning van Alleenregte	1201
No. 119	Mines: Granting of Exclusive Rights	Mynwese: Toekenning van Alleenregte	1201
No. 120	Township Keetmanshoop (Extension 2): Proposed Establishment of	Dorp Keetmanshoop (Uitbreiding 2): Voorgestelde Stigting van	1201
No. 121	Township Grootfontein (Extension 3): Proposed Establishment of	Dorp Grootfontein (Uitbreiding 3): Voorgestelde Stigting van	1202
No. 122	Mines: Withdrawal from Pegging: District Karibib	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Karibib	1202
No. 123	Mines: Withdrawal from Pegging: District Maltahöhe	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Maltahöhe	1202
No. 124	Mines: Granting of Exclusive Rights	Mynwese: Toekenning van Alleenregte	1202
No. 125	Mines: Withdrawal from Pegging: District Gobabis	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Gobabis	1203
No. 126	Mines: Withdrawal from Pegging: District Rehoboth	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Rehoboth	1203
No. 127	Mines: Withdrawal from Pegging: District Keetmanshoop	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Keetmanshoop	1203
No. 128	Mines: Granting of Exclusive Rights	Mynwese: Toekenning van Alleenregte	1203
No. 331	(Republic) Air Services Act, 1949: Schedule of Applications for the granting of Licences	(Republiek) Wet op Lugdiensie 1949: Lys van aansoeke om die toestaan van Lisensies	1204
No. 366	(Republic) Building Societies Return — April 1968	(Republiek) Bouverenigingsopgawe — April 1968	1205
No. 377	(Republic) Military Training and Exercises: Walvisbaai	(Republiek) Militêre Opleiding en Oefening: Walvisbaai	1206

ADVERTISEMENTS:

Estate Notices etc., etc.

ADVERTENSIES:

Boedelkennisgewings ens., ens. 1207

PROCLAMATIONS

BY THE HONOURABLE WENTZEL CHRISTOFFEL DU PLESSIS, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 41 of 1968.]

WHEREAS due notification has been received from the Registrar of Deeds that the provisions of section 12 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) have been complied with;

NOW THEREFORE, in terms of section 13 of the said ordinance, I do hereby proclaim, declare and make known that the township of Lüderitz Extension 4 as represented on General Plan A. 480/66 is an approved township and further that the application for the establishment of the said township has been granted subject to the conditions imposed in terms of section 6 of the said ordinance set out in the schedule hereto.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 7th day of June 1968.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

SCHEDULE.**CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.****1. Name of Township:**

The name of the township shall be LÜDERITZ EXTENSION 4.

2. Composition of township:

The township shall comprise erven and streets as indicated on General Plan A. 480/66.

3. Reserved land:

The following erven shall be reserved as stated below: Provided that if the Administrator, after consultation with the Townships Board, deems it expedient to use the land for other purposes, he may authorise the suspension or relaxation of this restriction, subject to such conditions as he may impose:

For the local authority:

(1) Erf 625: For an open space

(2) Erf 621: For local authority purposes.

4. Conditions of title:

The following conditions of title shall be registered in favour of the local authority: Provided that such conditions shall not be amended or waived without the consent of the Administrator:—

A. Applicable to all erven except those referred to in 3 above:

- (1) The owner of the erf shall be obliged, without compensation, to permit excavation and receive the excavated material on the erf as may be required for the laying of sewage pipes and other works in terms of subparagraph (8) to allow full use of the full width of the adjoining street and to provide a safe

PROKLAMASIES

DEUR SY EDELE WENTZEL CHRISTOFFEL DU PLESSIS, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 41 van 1968.]

NADEMAAL daar behoorlik kennisgewing van die Registrateur van Aktes ontvang is dat die bepalings van artikel 12 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) nagekom is;

SO IS DIT dat ek kragtens artikel 13 van genoemde ordonansie hierby proklameer, verklaar en bekend maak dat die dorp Lüderitz-uitbreiding 4 soos aangewys op Algemene Plan A. 480/66 'n goedgekeurde dorp is en voorts dat die aansoek om die stigting van genoemde dorp goedgekeur is onderhewig aan die voorwaardes wat kragtens artikel 6 van genoemde ordonansie opgelê is, uiteengesit in die bylae hiervan.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 7de dag van Junie 1968.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur

BYLAE.**STIGTINGSVOORWAARDES.****1. Naam van dorp:**

Die dorp heet LÜDERITZ-UITBREIDING 4.

2. Samestelling van dorp:

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan A. 480/66.

3. Gereserveerde grond:

Die ondergenoemde erwe moet gereserveer word vir die ondergenoemde doeleindes: Met dien verstande dat as die Administrateur, na oorleg met die Dorperaad dit raadsaam ag om die grond vir ander doeleindes te gebruik, hy die opskorting of verslapping van hierdie beperking kan magtig onderhewig aan die voorwaardes wat hy stel:

Vir die plaaslike bestuur:

(1) Erf 625: Vir 'n oop ruimte.

(2) Erf 621: Vir die doeleindes van die plaaslike bestuur.

4. Titelvoorwaardes:

Die onderstaande titelvoorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word: Met dien verstande dat sodanige voorwaardes nie gewysig of laat vaar mag word sonder die toestemming van die Administrateur nie.

A. Ten opsigte van alle erwe, buiten dié genoem by 3 hierbo:

- (1) Die eienaar van die erf is verplig om sonder vergoeding uitgraving op die erf toe te laat en die materiaal daarop te ontvang, wat moontlik vereis word vir die lê van riële en ander werke ingevolge subparagraaf (8), vir die volle gebruik van die hele wydte van die aangrensende straat en om 'n veilige en be-

and proper slope to its bank due to the difference between the level of the street as finally constructed and the erf, unless he elects to build retaining walls at his own cost to the satisfaction of and within a period to be determined by the local authority.

- (2) It shall not be permitted to drill or excavate for water on the erf.
- (3) The erf or any portion thereof shall not be transferred or leased, or in any other way be disposed of to any Coloured, Native or Asiatic and no Coloured, Native or Asiatic other than the servants who render their services on the erf, shall be permitted to reside thereon or in any other manner occupy same.
- (4) Except for the purpose of erecting a building on the erf, neither the owner nor any other person shall have the right to make or cause to be made for any person any bricks, tiles, earthenware pipes or any article of such nature on the erf.
- (5) No dairy, stable, cowshed, slaughterpole, piggery or any offensive trade may be established or conducted on this erf. "Offensive trade" shall mean any of those trades referred to in paragraph 1 (a) of Government Notice 141/1926 dated 10 November 1926, as amended.
- (6) No cattle, pigs, sheep, goats or draught animals may be kept on the erf.
- (7) Outbuildings and/or servants quarters erected on the erf may not be occupied by anyone except *bona fide* servants who render their services on the erf.
- (8) The local authority shall have the right —
 - (a) to construct and lay water pipe lines, storm water drains, sewage pipes, electric cables on the surface and/or underground and/or above the surface;
 - (b) to temporarily store on the erf next to the water pipeline, or storm water drain, sewage pipes or electric cables, the material as a result of the excavation during the laying, inspection or removal of such water pipelines, storm water drains, sewage pipes and electric cables;
 - (c) to have at any time a reasonable entrance over the property to be able to do the work named in (a) above, subject thereto that compensation for any damage done in execution of this work, shall be made.
- (9) No building or structures or any portion thereof, except the boundary walls or fences, may be erected nearer than 5 metres to the street line which forms a boundary of the erf, nor within 3 metres of the rear boundary or lateral boundary common to an adjoining erf.
- (10) The local authority shall, for the purpose of securing the enforcement of the conditions of title, have the right and power at all reasonable times to enter into and upon the erf for the purpose of such inspection or enquiry as may be necessary to be made for the above-mentioned purpose.

hoorlike helling te verskaf vir die straatwal weens die hoogteverskil van die grond tussen die straat, na voltooiing daarvan, en die erf, tensy hy verkies om steunmure op sy eie koste tot bevrediging van, en binne die tydperk bepaal deur die plaaslike bestuur, te bou.

- (2) Op die erf mag nie na water geboor of gegrawe word nie.
- (3) Nòg die geheel nòg 'n deel van die erf mag aan 'n Kleurling, inboorling of Asiaat verhuur, getranspoteer of op enige ander wyse van die hand gesit word, en geen Kleurling, inboorling of Asiaat, behalwe bediendes wat dienste op die erf lewer, word toegelaat om op die erf te woon of dit op 'n ander wyse te okkupeer nie.
- (4) Behalwe vir die doel om 'n gebou op te rig op die erf mag nòg die eienaar nòg enige ander persoon enige stene, teëls, erdepype of enige ander dergelike artikel op die erf vir enigeen vervaardig of laat vervaardig nie.
- (5) Geen melkery, stal, koeistal, slagpale, varkhok of enige hinderlike bedryf mag opgerig of uitgevoer word op die erf nie. Met "hinderlike bedryf" word bedoel enige van daardie bedrywe waarna verwys word in paragraaf 1 (a) van Goewermentskennisgewing 141/1926 gedateer 10 November 1926 soos gewysig.
- (6) Geen beeste, varke, skape, bokke of trekdiere mag op die erf aangehou word nie.
- (7) Buitegeboue en/of bediendekamers, opgerig op die erf, mag nie deur enigiemand behalwe *bona fide*-bediendes wat hulle dienste op die erf lewer, bewoon word nie.
- (8) Die plaaslike bestuur het die reg —
 - (a) om waterpyplyne, stormwaterkanale, rioolpype, elektriese kables op die grond en/of ondergrond en/of bo die grondoppervlakte te bou en aan te lê;
 - (b) om tydelik op die erf langs die waterpyplyn, of stormwaterkanaal, rioolpype of elektriese kables die materiaal te bewaar wat kom van die uitgraving gedurende die lê, inspeksie of verwydering van sodanige waterpyplyne, stormwaterkanale, rioolpype en elektriese kables;
 - (c) om te eniger tyd redelike toegang tot die erf te hê om die werk genoem in (a) hierbo te kan doen; onderhewig daaraan dat enige skade aangerig in verband met die werk, vergoed moet word.
- (9) Geen gebou of struktuur of enige deel daarvan, buiten die grensmure of heinings, mag opgerig word nader as 5 meter aan die straatgrens wat 'n grens van die erf uitmaak of nader as 3 meter aan die agtergrens of sygrens gemeenskaplik met 'n aangrensende erf nie.
- (10) Met die doel om te sorg dat hierdie titelvoorwaardes nagekom word, het die plaaslike bestuur die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde die inspeksie te doen of ondersoek in te stel wat nodig is vir bogenoemde doel.

(11) The owner of the erf binds himself to complete or to cause to be completed, a building on the erf, in compliance with the stipulated minimum building value within a period of 2 years from the date of registration in his name: Provided that if the owner does not comply with the requirements of this paragraph, the local authority shall have the right, at its option and in its entire discretion to resume ownership of the erf on repayment of the purchase price, or to demand payment of, and collect such amount as would be equal to the amount of rates and taxes as would be payable if a building to the value of the stipulated minimum building value had actually been completed on the erf.

B. *Additional conditions applicable to all erven except erven 564, 596, 621, 622 and 625:*

- (1) Not more than one dwelling house, for the occupation by only one family, together with the necessary outbuildings, may be erected on the erf.
- (2) The erf may be used for residential purposes only.
- (3) No semi-detached houses or flats may be erected on the erf.
- (4) The value of the main building, exclusive of outbuildings, shall be not less than —
 R6,000 for erven 539-544
 R8,000 for erven 560-563, 573-595, 597-606
 R10,000 for erven 545-559, 565-572, 607-620;
 and
 R12,000 for erven 623 and 624.

C. *Additional conditions applicable to erf 564*

- (1) The erf may be used for the erection of a block of flats only — together with the necessary outbuildings: Provided that —
 - (a) until the erf is connected to a public sewerage system, the buildings may not exceed two storeys and thereafter not more than three storeys in height;
 - (b) the buildings on the erf may not occupy more than 50% of the total area of the erf when a ground floor only is erected; 40% of the total area of the erf when ground and first floors are erected, 33 $\frac{1}{3}$ % of the total area of the erf when ground and two additional floors are erected. Covered car spaces shall not be counted as area occupied by the building.
- (2) Off-street parking to the extent of one independent car space must be provided for every flat unit. At least half of the parking spaces must be covered.
- (3) The value of the main building, exclusive of outbuildings, may not be less than R25,000.

D. *Additional conditions applicable to erf 596:*

- (1) This erf may be used for the erection of a block of flats only together with the necessary outbuildings: Provided that —

(11) Die eienaar van die erf verbind hom om 'n gebou op die erf te voltooi of te laat voltooi ooreenkomstig die bepaalde minimum bouwaarde binne 'n tydperk van 2 jaar van die datum van registrasie op sy naam: Met dien verstande dat as die eienaar nie voldoen aan die vereistes van hierdie paragraaf nie, die plaaslike bestuur die reg het om na eie keuse en volkome na eie goeëddunke die eiendomsreg op die erf terug te neem by terugbetaling van die koopprys, of om betaling te eis van die bedrag wat gelyk sou wees aan die bedrag aan stads- en ander belastinge wat betaalbaar sou wees as 'n gebou ter waarde van die bepaalde minimum bouwaarde werklik op die erf voltooi was, en sodanige bedrag in te vorder.

B. *Bykomende voorwaardes ten opsigte van alle erwe buiten erwe 564, 596, 621, 622 en 625:*

- (1) Hoogstens een woonhuis vir bewoning deur slegs een gesin, saam met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.
- (2) Die erf mag net vir woondoeleindes gebruik word.
- (3) Geen skakelhuse of woonstelle mag op die erf opgerig word nie.
- (4) Die waarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, moet minstens die onderstaande bedra:—
 R6,000 vir erwe 539-544;
 R8,000 vir erwe 560-563, 573-595, 597-606;
 R10,000 vir erwe 545-559, 565-572, 607-620;
 en
 R12,000 vir erwe 623 en 624.

C. *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erf 564:*

- (1) Die erf mag gebruik word net vir die oprigting van 'n woonstelblok, saam met die nodige buitegeboue: Met dien verstande dat —
 - (a) tot tyd en wyl die erf by 'n openbare rioolstelsel aangesluit is, die geboue hoogstens twee verdiepings hoog mag wees en daarna hoogstens drie verdiepings;
 - (b) die geboue op die erf hoogstens 50% van die algehele oppervlakte van die erf mag beslaan wanneer slegs 'n grondverdieping opgerig word; hoogstens 40% van die algehele oppervlakte van die erf wanneer 'n grond- en 'n eerste verdieping opgerig word; hoogstens 33 $\frac{1}{3}$ % van die algehele oppervlakte van die erf wanneer 'n grond- en twee bykomende verdiepings opgerig word. Oordekte parkeerruimtes vir motors tel nie as beboude oppervlakte nie.
- (2) Parkeerplek van die straat af teen een afsonderlike motor-parkeerruimte vir elke woonsteleenheid moet verskaf word. Minstens die helfte van die parkeerruimtes moet oordek wees.
- (3) Die waarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, moet minstens R25,000 bedra.

D. *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erf 596:*

- (1) Hierdie erf mag gebruik word net vir die oprigting van 'n woonstelblok saam met die nodige buitegeboue: Met dien verstande dat —

- (a) the main building may not exceed two storeys in height i.e. ground floor and one additional floor;
- (b) the buildings on the erf may not occupy more than 50% of the total area of the erf when ground floor only is erected, or 40% of the total area of the erf when ground and additional floors are erected. Covered car spaces shall be counted as area occupied by the building.

(2) Off-street parking to the extent of one independent car space must be provided for every flat unit. At least half of the parking spaces shall be covered.

(3) The value of the main building, exclusive of outbuildings, may not be less than R15,000.

E. *Additional conditions applicable to erf 622:*

- (1) The erf may be used for the erection of a children's home only.
- (2) If the erf is no longer used as a children's home, the local authority shall have the right at its entire discretion to resume ownership of the erf.

(a) die hoofgebou hoogstens twee verdiepings hoog mag wees, dit wil sê, 'n grond- en een bykomende verdieping;

(b) die geboue op die erf mag hoogstens 50% van die algehele oppervlakte van die erf beslaan wanneer slegs 'n grondverdieping opgerig word of 40% van die algehele oppervlakte van die erf wanneer grond- en bykomende verdieping opgerig word. Bedekte motorparkeerruimtes tel as beboude oppervlakte.

(2) Parkeerplek van die straat af teen een afsonderlike motorparkeerruimte vir elke woonsteleenheid moet verskaf word. Minstens die helfte van die parkeerruimtes moet oordek wees.

(3) Die waarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, moet minstens R15,000 bedra.

E. *Bykomende bepalinge ten opsigte van erf 622:*

- (1) Die erf mag net vir die oprigting van 'n kindertehuis gebruik word.
- (2) As die gebruik van die erf vir 'n kindertehuis gestaak word, het die plaaslike bestuur die reg om volkome na eie goeddunke die eiendomsreg op die erf terug te neem.

No. 42 of 1968.]

AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT:
TAMARISKIA.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 31A (2) of the Townships and Division of Land Ordinance 1963 (Ordinance 11 of 1963 as amended), I do hereby declare that Proclamation 18 of 1965 be amended as follows:

By the substitution for "Erf 23" in paragraph 3 (a) of "Erf 47" and for "Erf 47" in 3 (f) of "Erf 23".

Given under my hand and seal in Windhoek this the 11th day of June 1968.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

No. 42 van 1968.]

WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES:
TAMARISKIA.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 31A (2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963 soos gewysig) verklaar ek hierby dat Proklamasie 18 van 1965 soos volg gewysig word:

Deur die vervanging van „Erf 23” in paragraaf 3 (a) deur „Erf 47” en van „Erf 47” in 3 (f) deur „Erf 23”.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 11de dag van Junie 1968.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur

No. 43 of 1968.]

AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT:
WITVLEI.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 31A (2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963 as amended), I do hereby declare that Proclamation 2 of 1952 be amended as follows:

Paragraph 3 of Schedule A (Conditions of Establishment) is deleted.

Given under my hand and seal in Windhoek this the 5th day of June 1968.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

No. 43 van 1968.]

WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES:
WITVLEI.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 31A (2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963 soos gewysig) verklaar ek hierby dat Proklamasie 2 van 1952 soos volg gewysig word:

Paragraaf 3 van Bylae A (Stigtingsvoorwaardes) word geskrap.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 5de dag van Junie 1968.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur

No. 44 of 1968.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that the roads in the Keetmanshoop district described in schedule I hereof shall be closed and the road described in schedule II shall be a new portion of farm road 534.

Given under my hand and seal in Windhoek on this 30th day of May, 1968.

W. C. DU PLESSIS, Administrator

SCHEDULE I:

Table with 2 columns: Description of road, Portion closed. Contains 3 rows of road closure details.

SCHEDULE II:

New Portion of farm road 534: From a point on farm road 534 on the farm Kweekwal West 244 generally north-north-eastwards across the farms Kweekwal West 244 and Mahlzeit 232 to a point on the south-eastern boundary of the last-mentioned farm.

No. 44 van 1968.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat die paaie in die distrik Keetmanshoop soos beskryf in bylae I hiervan gesluit is en dat die pad beskryf in bylae II 'n nuwe gedeelte is van plaaspad 534.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 30ste dag van Mei 1968.

W. C. DU PLESSIS, Administrateur

BYLAE I:

Table with 2 columns: Beskrywing van pad, Geslote Gedeelte. Contains 3 rows of road closure details.

BYLAE II:

Nuwe gedeelte van plaaspad 534: Van 'n punt op plaaspad 534 op die plaas Kweekwal West 244 algemeen noord-noordooswaarts oor die plase Kweekwal West 244 en Mahlzeit 232 tot by 'n punt op die suidoostelike grens van laasgenoemde plaas.

No. 45 of 1968.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that the status of district road 1517 in the Windhoek district, as described in schedule III of Proclamation 21 of 1960, shall be lowered to that of farm road.

No. 45 van 1968.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat die status van distrikspad 1517 in die distrik Windhoek, soos beskryf in bylae III van Proklamasie 21 van 1960, verlaag word na dié van plaaspad.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 29th day of May, 1968.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

No. 46 of 1968.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that farm road 2501 in the Otjiwarongo district, which has been proclaimed by Proclamation 61 of 1954, shall be closed and that the following road shall be a new portion of farm road 2437:—

From a point on farm road 2437 on the farm Horse-shoe 355 generally north-north-westwards across the farms Horseshoe 355, north-eastern corner of Nebraska 10 and Northland 9 to connect with district road 2433 at a point on the last-mentioned farm.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 30th day of May, 1968.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 29ste dag van Mei 1968.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur

No. 46 van 1968.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat plaaspad 2501 in die distrik Otjiwarongo, wat geproklameer is by Proklamasie 61 van 1954, gesluit is en dat die volgende pad 'n nuwe gedeelte is van plaaspad 2437:—

Van 'n punt op plaaspad 2437 op die plaas Horeshoe 355 algemeen noord-noordweswaarts oor die plase Horseshoe 355, noordoostelike hoek van Nebraska 10 en Northland 9 om aan te sluit by distrikpad 2433 by 'n punt op laasgenoemde plaas.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 30ste dag van Mei 1968.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 89.]

[1 July 1968

CONTRIBUTIONS TOWARDS THE COST OF JACKAL-PROOF FENCES: PROCLAMATION OF THE BOUNDARIES OF THE AUS AREA, DISTRICT OF LUDERITZ.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by section 1 (1) of the Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1957 (Ordinance 6 of 1957) as amended by section 1 (a) of the Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1958 (Ordinance 6 of 1958) to declare that from and after the publication hereof contributions towards the cost of —

(a) converting a dividing fence into a jackalproof fence, or

(b) erecting a jackalproof fence as a dividing fence —

shall be obligatory in the area described in this schedule.

SCHEDULE.

That portion of the district of Luderitz bounded as follows:—

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 89.]

[1 Julie 1968

BYDRAES TOT DIE KOSTE VAN JAKKALSDRAADHEININGS: PROKLAMERING VAN DIE GRENSE VAN DIE KRING AUS, DISTRIK LUDERITZ.

Die behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 1 (1) van die Wysigingsordonnansie op die Omheiningproklamasie 1957 (Ordonnansie 6 van 1957) soos gewysig by artikel 1 (a) van die Wysigingsordonnansie op die Omheiningproklamasie 1958 (Ordonnansie 6 van 1958) te verklaar dat van en na hierdie publikasie, bydraes tot die koste van —

(a) die verandering van 'n tussenheining in 'n jakkalsdraadheining; of

(b) die oprigting van 'n jakkalsdraadheining as 'n tussenheining —

verplichtend is in die kring wat in die bylae hiervan beskryf word.

BYLAE.

Daardie gedeelte van die landdrostdistrik Luderitz wat soos volg begrens is:—

From the north-easternmost corner beacon of Augustfelde 42, along the boundaries of and including the following farms in succession in the magisterial district of Luderitz, namely:

The said Augustfelde 42, Plateau 38, Aar 16, Tschanabis 20, Hoogland 64, Part. 1 of Kokerboomkloof 65, Part. 2 of the said Kokerboomkloof 65, Grens 92, Anib 93, Anisi 73, Sandykop 94, the said Anib 93, the said Grens 92, Arutal 25, Glimlag 106, the said Hoogland 64, the said Aar 16, the said Plateau 38, to the north-easternmost corner beacon of Augustfelde 42, being the point of beginning.

Van die verste noord-oostelike hoekbaken van Augustfelde 42, langs die grense van en insluitende die voglende plase na mekaar geleë in die landdrosdistrik Luderitz, naamlik:

Genoemde Augustfelde 42, Plateau 38, Aar 16, Tschanabis 20, Hoogland 64, Ged. 1 van Kokerboomkloof 65, Ged. 2 van genoemde Kokerboomkloof 65, Grens 92, Anib 93, Anisi 73, Sandykop 94, genoemde Anib 93, genoemde Grens 92, Arutal 25, Glimlag 106, genoemde Hoogland 64, genoemde Aar 16, genoemde Plateau 38, tot by die verste noord-oostelike hoekbaken van Augustfelde 42, synde die aanvangspunt.

No. 90.] [1 July 1968

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by section 27 of the Sealing and Fisheries Ordinance, 1949 (Ordinance 12 of 1949) as amended, to amend Government Notice 80 of 1 June 1967 by the substitution of the word "April" for the word "May" where it appears in paragraph 1 (b) thereof.

No. 90.] [1 Julie 1968

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 27 van die Ordonnansie op Robbevangs en Visserye 1949 (Ordonnansie 12 van 1949) soos gewysig, Goewermentskennisgewing 80 van 1 Junie 1967 te wysig deur die woord „Mei” in paragraaf 1 (b) daarvan deur die woord „April” te vervang.

No. 91.] [1 July 1968

REGULATIONS CONSOLIDATING AND AMENDING THE REGULATIONS FOR THE CONTROL OF THE PRISONS BRANCH OF THE ADMINISTRATION OF SOUTH WEST AFRICA.

The Administrator has been pleased, under and by the powers vested in him by section 94 of the Prisons Act (Act 8 of 1959) read with the provisions of Proclamation 271 of the Republic of South Africa dated 11 November 1959, to make the regulations set out in the schedule hereto.

SCHEDULE.

The following regulations are hereby substituted for the regulations contained in Government Notice 2275 dated 14 September 1960:—

CONTRAVENTIONS AND MISCONDUCT.

A. Members and special warders.

CONTRAVENTIONS.

71 (1) A member and special warder who contravenes or fails to comply with any provision of the Act or these regulations (other than a contravention or non-compliance which is expressly declared to be an offence under the Act or these regulations) or who —

- (a) absents himself from duty without leave or valid cause or overstays any leave granted to him; or
(b) is under the influence of intoxicating liquor or stupefying drugs, whether on or off duty; or
(c) while on duty partakes of any intoxicating liquor or stupefying drugs; or
(d) renders himself unfit for duty by the excessive use of intoxicating liquor or stupefying drugs; or
(e) habitually frequents any place at which intoxicating liquor is sold; or
(f) at any time or place swears or uses improper language or conducts himself in a disgraceful, improper or unbecoming manner or, whilst on duty, is grossly discourteous to any person; or

No. 91.] [1 Julie 1968

REGULASIES TOT SAMEVATTING EN WYSIGING VAN DIE REGULASIES OP DIE BEHEER VAN DIE AFDELING GEVANGENISSE VAN DIE ADMINISTRASIE VAN SUIDWES-AFRIKA.

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 94 van die Wet op Gevangenis 1959 (Wet 8 van 1959) saamgelees met die bepaling van Proklamasie 271 van die Republiek van Suid-Afrika gedateer 11 November 1959, die regulasies in die bylae hiervan uit te vaardig.

BYLAE.

Die regulasies vervat in Goewermentskennisgewing 2275 van 14 September 1960 word hierby vervang deur die onderstaande regulasies:—

OORTREDINGS EN WANGEDRAG.

A. Lede en spesiale bewaarders.

OORTREDINGS.

71 (1) 'n Lid of spesiale bewaarder wat die een of ander bepaling van die Wet of hierdie regulasies oortree of versuim om dit na te kom (uitgesonderd 'n oortreding of versuim wat ingevolge die Wet of hierdie regulasies uitdruklik tot 'n misdad verklaar is) of wat —

- (a) sonder verlof of 'n geldige rede van diens wegbly of langer wegbly as die verlof wat aan hom verleen is; of
(b) onder die invloed van sterk drank of bedwelmende middels is, hetsy op diens of nie; of
(c) terwyl hy op diens is, sterk drank of bedwelmende middels gebruik; of
(d) homself ongeskik vir diens maak deur die oormatige gebruik van sterk drank of bedwelmende middels; of
(e) 'n gewoonte daarvan maak om 'n plek waar sterk drank verkoop word te besoek; of
(f) te eniger tyd of op enige plek vloek of onbehoorlike taal gebruik of hom op 'n skandelige, onbehoorlike of onbetaamlike wyse gedra of, terwyl hy op diens is, hom aan growwe onbeleefdheid teenoor 'n persoon skuldig maak; of

- (g) wilfully or unlawfully aims or points a firearm at any person or negligently or recklessly discharges a firearm; or
- (h) wilfully or negligently furnishes or tenders false or incorrect information; or
- (i) sleeps on duty; or
- (j) is negligent or indolent in the discharge of his duties; or
- (k) negligently allows a prisoner to escape; or
- (l) directly or indirectly requests or demands or accepts or agrees to accept any commission, gift, fee, reward or any other consideration whatsoever, whether pecuniary or otherwise, from any person as an inducement to omit or neglect to perform his duty properly or to do anything in conflict with his duty, or fails or neglects to report immediately in writing to his commanding officer or head of the prison or office, as the case may be, that any such offer has been made to him; or
- (m) without first having obtained the written permission of the Commissioner, directly or indirectly requests or demands or accepts or agrees to accept in connection with the execution of his duties, any commission, gift fee, reward or other consideration whatsoever (other than the pay due to him), or fails or neglects to report immediately in writing to his commanding officer or head of the prison or office, as the case may be, that any such offer has been made to him; or
- (n) directly or indirectly borrows money from or through a member of lower rank or from or through a special warder, or places himself under a pecuniary obligation to a junior in rank; or
- (o) other than in the course of his duties, without the permission of the Commissioner, knowingly associates in any manner with an ex-prisoner or with a relative or friend of a prisoner; or
- (p) admits an unauthorised person into a prison or any portion thereof without the permission of the Commissioner; or
- (q) as a result of his negligence or neglect of duty, allows a prisoner under his supervision or control to partake or obtain possession of intoxicating liquor or stupefying drugs; or
- (r) directly or indirectly and contrary to any regulation, Prison Service Order or other rule applicable to the prison concerned, causes or requires a prisoner under his supervision or control to perform work or render a service in respect of which he or another person receives or will receive some or other personal benefit or gain or in which he or another person has personal interest, whether pecuniary or otherwise; or
- (s) other than in the performance or in terms of the requirements of his duties, lends, sells, gives or issues any article, implement or other thing to a prisoner or buys or borrows anything from a prisoner, or receives a gift, advantage, gain or other personal consideration from a prisoner or, contrary to his duties, accepts or conspires to obtain a promise, under any pretext whatsoever, from a prisoner or a relative or friend of such prisoner; or
- (t) knowingly employs an ex-sentenced prisoner without the permission of the Commissioner; or
- (g) opsetlik of wederregtelik 'n vuurwapen op enige persoon rig of daarmee na 'n persoon mik of 'n vuurwapen nalatig of roekeloos afvuur; of
- (h) opsetlik of weens nalatigheid valse of onjuiste inligting verstrek of aanbied; of
- (i) op diens slaap; of
- (j) nalatig of traag in die uitvoering van sy pligte is; of
- (k) 'n gevangene deur nalatigheid laat ontsnap; of
- (l) regstreeks of onregstreeks enige kommissie, geskenk, geld, beloning of enige ander vergoeding van enige aard, hetsy geldelik of andersins van enige persoon vra of eis of aanneem of instem om dit te ontvang as 'n beweegmiddel om te versuim of na te laat om sy plig behoorlik uit te voer of om enigiets te doen wat strydig met sy plig is, of versuim of nalaat om onmiddellik skriftelik aan sy bevelvoerende offisier of hoof van die gevangenis of kantoor, na gelang van die geval, te rapporteer dat so 'n aanbod aan hom gedoen is; of
- (m) sonder om vooraf die skriftelike toestemming van die Kommissaris te verkry, regstreeks of onregstreeks in verband met die uitvoering van sy pligte enige kommissie, geskenk, geld, beloning of enige ander vergoeding van enige aard (uitgesonderd die betaling aan hom verskuldig) vra of eis of aanneem of instem om dit te ontvang, of nalaat of versuim om onmiddellik skriftelik aan sy bevelvoerende offisier of hoof van die gevangenis of kantoor, na gelang van die geval, te rapporteer dat so 'n aanbod aan hom gedoen is; of
- (n) regstreeks of onregstreeks geld leen van of deur tussenkoms van 'n lid van 'n laer rang of van of deur tussenkoms van 'n spesiale bewaarder of homself onder 'n geldelike verpligting teenoor 'n mindere in rang plaas; of
- (o) behalwe in die loop van sy pligte, sonder die toestemming van die Kommissaris wetens op enige wyse assosieer met 'n oud-gevangene of met 'n familielid of vriend van 'n gevangene; of
- (p) sonder die toestemming van die Kommissaris 'n ongemagtigde persoon in 'n gevangenis of 'n gedeelte daarvan toelaat; of
- (q) as gevolg van sy nalatigheid of pligversuim toelaat dat 'n gevangene wat onder sy toesig of beheer is, gebruik maak van sterk drank of bedwelvende middels of dit in sy besit kry; of
- (r) regstreeks of onregstreeks en in stryd met enige regulasie, Gevangensdiensorder of ander reël wat van toepassing is op die betrokke gevangenis, van 'n gevangene wat onder sy toesig of beheer is, vereis om werk te verrig of 'n diens te lewer of hom dit te laat verrig of lewer, ten opsigte waarvan hy of 'n ander persoon die een of ander persoonlike voordeel of wins ontvang of sal ontvang of waarin hy of 'n ander persoon 'n persoonlike belang het, hetsy geldelik of andersins; of
- (s) op 'n ander wyse as in die uitvoering of ingevolge die vereistes van sy pligte, 'n artikel, gereedskap of ander ding aan 'n gevangene leen, verkoop, gee of uitreik of van 'n gevangene enigiets koop of leen of as 'n geskenk, voordeel, wins of ander persoonlike vergoeding van hom ontvang, of in stryd met sy pligte en onder enige voorwendsel, van 'n gevangene of familielid of vriend van sodanige gevangene, 'n belofte aanneem of saamsweer om dit te verkry; of
- (t) wetens 'n oudgevonnisde-gevangene in diens neem sonder die toestemming van die Kommissaris van Gevangnisse; of

- (u) uses prison labour in his own service and for his own benefit or for that of another member or special warder without the permission of the Commissioner, whether payment for such labour at prescribed rates is made or tendered to the State or not; or
- (v) without the permission of the Commissioner, engages in a trade, business or any commercial or agricultural undertaking or keeps animals, other than pets, or undertakes any private agency or private work in any manner connected with the performance of his official functions or the execution of his official duties; or
- (w) commits or causes or permits any act to be committed or connives at any act which is prejudicial to the administration, discipline and efficiency of the Prisons Branch or to the authority or position of a member; or
- (x) attempts to procure intervention from political or outside sources or through any other than the prescribed official channels in relation to his position and conditions of employment in the Prisons Branch: Provided that nothing in this paragraph contained shall preclude a member or special warder from endeavouring to obtain redress of any grievance through Parliament; or
- (y) becomes a member of any political organization or takes active part in political matters; or
- (z) malingers or is absent from duty owing to illness and fails to inform the head of a prison or office, as soon as possible, that he is ill; or
- (aa) withholds, misapplies, unlawfully uses, loses by neglect or wilfully damages Administration property or property of another member, mess, canteen, library, fund, club or other prison institution or property belonging to a prisoner; or
- (bb) fails to comply with any Prisons Service Order or other order issued by authority of the Commissioner or other commissioned officer; or
- (cc) disobeys, disregards or wilfully fails to carry out any lawful order given to him by a member or any other person having authority to do so or displays insubordination by word or conduct; or
- (dd) becomes insolvent or compromises with his creditors or against whom a decree of civil imprisonment has been issued by any court of law or against whom any other order has been issued by a magistrate's court in terms of section 65 of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944), as amended, unless it is shown by such member or special warder that his insolvency or compromise or the issue of a decree of civil imprisonment against him has been occasioned by unavoidable misfortune; or
- (ee) becomes financially embarrassed, unless it is shown by such member or special warder that his pecuniary embarrassment has not been occasioned by any imprudence or reprehensible action on his part and has no detrimental effect on the faithful performance of his duties; or
- (ff) during any absence on sick leave, leaves his official or private residential quarters without the permission of the medical officer and the knowledge of his commanding officer or fails or neglects to notify the commanding officer of his destination and address at such destination; or
- (u) sonder die toestemming van die Kommissaris gevangenisarbeid in sy eie diens of vir sy eie voordeel of vir dié van 'n ander lid of spesiale bewaarder gebruik afgesien daarvan of betaling vir sodanige arbeid teen die voorgeskrewe tarief gemaak word of aan die Staat aangebied word of nie; of
- (v) sonder die toestemming van die Kommissaris 'n ambags-, besigheids-, of enige handels- of landbou-onderneming beoefen of diere, uitgesonderd troeteldiere, aanhou of enige private agentskap of private werk onderneem wat op enige manier met die verrigting van sy amptelike werksaamhede of die uitvoering van sy pligte in verband staan; of
- (w) enige daad wat nadelig is vir die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die Afdeling van Gevangenisse of vir die gesag of posisie van 'n lid, pleeg, laat pleeg of toelaat dat dit gepleeg word; of
- (x) pogings aanwend om uit politieke of buitebronne of deur anders as die voorgeskrewe kommunikasiekanale ingryping in verband met sy posisie en diensvoorwaardes in die Afdeling Gevangenisse te verkry: Met dien verstande dat die bepalinge van hierdie paragraaf nie 'n lid of spesiale bewaarder verhinder nie om 'n herstel van 'n grief deur bemiddeling van die Parlement te verkry; of
- (y) 'n lid van 'n politieke organisasie word of aktief aan politieke sake deelneem; of
- (z) hom siek hou of weens siekte afwesig is en nalaat om so spoedig moontlik aan die hoof van 'n gevangenis of kantoor kennis te gee dat hy siek is; of
- (aa) Administrasie-eiendom of eiendom van 'n ander lid, menasie, kantien, biblioteek, fondsklub of ander gevangenisinstelling of eiendom wat aan 'n gevangene behoort, terughou, verkeerd aanwend, onwettig gebruik, weens nalatigheid verloor of moedswillig beskadig; of
- (bb) in gebreke bly om enige Gevangenisdiensorder of ander order wat op gesag van die Kommissaris of ander offisier uitgevaardig is, na te kom; of
- (cc) 'n wettige bevel wat aan hom gegee is deur 'n lid of ander persoon wat bevoeg is om dit te doen, nie gehoorsaam nie, verontagsaam of opsetlik versuim om dit uit te voer of weens woord of gedrag insubordinasie aan die dag lê; of
- (dd) insolvent raak of 'n skikking met sy skuldeisers tref of teen wie 'n bevel vir siviele gyseling uitge-reik is deur 'n hof of teen wie 'n ander bevel deur 'n landdroshof uitgereik is kragtens artikel 65 van die Landdroshofwet, 1944 (Wet 32 van 1944), soos gewysig, tensy sodanige lid of spesiale bewaarder bewys dat sy insolvensie of skikking of uitreiking van 'n bevel vir siviele gyseling teen hom deur onvermydelike teenspoed veroorsaak is; of
- (ee) in geldelike moeilikheid raak, tensy sodanige lid of spesiale bewaarder bewys dat sy geldelike moeilikheid nie die gevolg van sy onversigtigheid of laakbare optrede is nie en nie 'n nadelige uitwerking op die getroue uitvoering van sy pligte het nie; of
- (ff) tydens enige afwesigheid van diens as gevolg van siekteverlof, sy amptelike of private woonkwartiere sonder die toestemming van die geneeskundige beamppte en die medewete van sy bevelvoerende offisier verlaat, of versuim of nalaat om die bevelvoerende offisier van sy bestemming en adres by sodanige bestemming in kennis te stel; of

(gg) with a view to obtaining any privilege or advantage in relation to his official position or his duties or to causing any prejudice or injury to the Administration or Prisons Branch or to another member or special warder, makes a false or incorrect statement knowing it to be false or incorrect;

shall be guilty of a contravention of the Act or of these regulations, as the case may be.

PENALTIES.

(2) Upon conviction of any contravention referred to in subregulation (1), a member or special warder shall be liable to the penalties prescribed in either section 50 or section 53 of the Act, depending on whether he is tried by a magistrate or a commissioned officer.

TRIALS IN TERMS OF SECTIONS 50 AND 53 OF THE ACT.

Procedure at Trial.

75 (1) A trial under section 50 or 53 of the Act shall be held in terms of sections 58 and 59 of the Act, and the provisions relating to evidence and witnesses in a criminal proceeding in a magistrate's court shall also be observed at such trial.

Appointment of Prosecutor.

(2) A member with the rank equal to or higher than that of the accused shall be designated by the trial magistrate or trial commissioned officer, as the case may be, to act as prosecutor, and, in the event of its being necessary for him to give evidence of a formal nature for the prosecution, he shall, as far as possible, give such evidence before any other witnesses are called: Provided that the trial magistrate may, at his discretion, designate a person who has been delegated to prosecute in a magistrate's court, to act as prosecutor at such trial.

Attendance of the Accused and Witnesses at Trial.

(3) (a) The prosecutor shall make arrangements for the appearance of the accused member or special warder by serving or caused to be served upon him, a reasonable time before the hour fixed for such trial, a copy of the charge on the prescribed form.

(b) The prosecutor shall also ensure the attendance of members or special warders required to give evidence and shall subpoena any other person needed as witness, whether in support of the charge or on behalf of the accused.

Issue and Service of a Subpoena.

(4) A subpoena, in the prescribed form, served on a person to give evidence or to produce any book, record, document or thing at the trial shall be signed by a magistrate or commissioned officer, and the service thereof shall be subject to the rules of court applicable to the service of such process in a summary trial on a criminal charge in a magistrate's court.

Inspection of Record by Accused.

(5) The accused or his legal representative may, under the supervision of a member designated by the trial magistrate or commissioned officer, as the case may be, inspect and make a copy of the record of the proceedings of the trial and on request may be furnished with a copy thereof on payment of the fees prescribed for the supply of a copy of the record of a summary trial in a magistrate's court.

(gg) met die oog daarop om enige voorreg of voordeel met betrekking tot sy amptelike posisie of sy pligte te verkry of om die Administrasie of die Afdeling Gevangenisse of 'n ander lid of spesiale bewaarder nadeel aan te doen of skade te berokken, 'n valse of onjuiste verklaring aflê, wetende dat dit vals of onjuis is;

begaan 'n oortreding van die Wet of van hierdie regulasies, na gelang van die geval.

STRAWWE.

(2) By skuldigbevinding aan 'n oortreding soos in subregulasie (1) bedoel, is 'n lid of spesiale bewaarder strafbaar met die strawwe wat in òf artikel 50 òf 53 van die Wet voorgeskryf word, na gelang daarvan of hy deur 'n landdros of 'n offisier verhoor word.

E. VERHORE INGEVOLGE ARTIKELS 50 EN 53 VAN DIE WET.

Prosedure by Verhoor.

75 (1) 'n Verhoor kragtens artikel 50 of 53 van die Wet moet ingevolge artikels 58 en 59 van die Wet gehou word, en die bepalinge wat betrekking het op getuieis en getuies in kriminele verrigtings in 'n landdroshof, moet ook by so 'n verhoor nagekom word.

Aanstelling van Aanklaer.

(2) 'n Lid van dieselfde of 'n hoër rang as dié van die beskuldigde moet deur die verhoorlanddros of offisier, na gelang van die geval, aangewys word om as aanklaer op te tree, en as dit vir hom nodig is om getuieis, wat slegs van formele aard is, vir die vervolging af te lê, moet hy sodanige getuieis sover moontlik aflê voordat ander getuies geroep word: Met dien verstande dat die verhoorlanddros, na sy goedvinde, 'n persoon wat gedelegeer is om in 'n landdroshof te vervolg, kan aanwys om as aanklaer by sodanige verhoor op te tree.

Bywoning van Verhoor deur Beskuldigde en Getuies.

(3) (a) Die aanklaer moet reëlins tref vir die verskyning van die aangeklaagde lid of spesiale bewaarder deur binne redelike tyd voor die uur vasgestel vir sodanige verhoor, 'n afskrif van die klag op die voorgeskrewe vorm aan hom te beteken of te laat beteken.

(b) Die aanklaer moet ook sorg vir die bywoning van lede of spesiale bewaarders wat nodig is om getuieis af te lê en hy moet enige ander persoon dagvaar wat nodig is om getuieis af te lê hetsy ter stawing van die aanklag of vir die beskuldigde.

Uitreiking en betekening van Dagvaarding.

(4) 'n Dagvaarding in die voorgeskrewe vorm beteken aan 'n persoon om getuieis af te lê of om enige boek, stuk, dokument of ding by die verhoor voor te lê, moet onderteken word deur 'n landdros of offisier, en die betekening daarvan is onderhewig aan die hofreëls van toepassing op die betekening van sodanige prosesstuk in 'n summere verhoor op 'n kriminele klag in 'n landdroshof.

Insae in Oorkonde deur Beskuldigde.

(5) Die beskuldigde of sy regsvertegenwoordiger mag onder die toesig van 'n lid aangewys deur die verhoorlanddros of offisier, na gelang van die geval, insae hê in en 'n afskrif maak van die oorkonde van die verrigtings van die verhoor en op aansoek voorsien word van 'n afskrif daarvan teen betaling van die gelde voorgeskryf vir die verskaffing van 'n afskrif van die oorkonde van 'n summere verhoor in 'n landdroshof.

Summary Disposal on Admission of Guilt of a Contravention of a Non-Serious Nature, and Record of a Sentence Imposed.

(6) (a) If the accused, after having been furnished with particulars of the charge, indicates that he intends pleading guilty, the commanding officer may, notwithstanding anything to the contrary contained in this regulation and provided he is of the opinion that the alleged contravention is of a non-serious nature, order the accused to be brought before him or any other commissioned officer, and, if on appearance the accused pleads guilty, the commanding officer or commissioned officer, as the case may be, may on his plea of guilt and without recording evidence in support of the charge convict him and either reprimand him or impose a fine not exceeding two rand.

(b) A reprimand or fine imposed in terms of paragraph (a) shall not be entered on the record of offences or contraventions of the member or special warder concerned and, on any subsequent conviction of a disciplinary contravention, shall also not be proved or accepted as a previous conviction: Provided that the Commissioner may order that the provisions of this paragraph shall also apply in respect of a reprimand or a fine not exceeding R2, imposed other than in terms of paragraph (a), in respect of a conviction of an offence or contravention.

Power of Stopping Prosecution.

(7) Whenever a member or special warder has pleaded to a charge of a contravention of, or failure to comply with, any provision of these regulations, the prosecution of such charge shall proceed until a verdict is given: Provided that the Commissioner or, with his consent, the member detailed under subregulation (2) to act as prosecutor, may, for good and sufficient reasons, at any time after the accused has pleaded and before a verdict is given, stop the prosecution, in which event the accused member or special warder shall be entitled to a verdict of acquittal in respect of that charge.

F. RECORD OF OFFENCES AND CONTRAVENTIONS.

Record of Convictions.

76 (1) (a) Subject to the provisions of paragraph (b) of subregulation (6) of regulation 75, all the convictions of a member who is not a commissioned officer, or of a special warder, in respect of any offence or contravention of this Act, whether by a Supreme Court or a magistrate's court, or under section 50 or 53 of the Act, shall be entered on a record of offences and contraventions of the member or special warder concerned.

(b) If a member or special warder has not been convicted of a further offence or contravention for a period of five years from the date of his last conviction, all the previous convictions of such member or special warder shall be expunged from his record of offences and contraventions.

Consideration of Previous Convictions before Award of Faithful Service Medal.

(2) Notwithstanding the expunction of an entry of any conviction from the record of offences and contraventions of a member or special warder, the Commissioner shall take into account and give full consideration to such conviction before, in terms of subregulation (4) of regulation 81, recommending the award of the "Faithful Service Medal" to such member or special warder.

Summiere Afhandeling by Erkenning van Skuld van 'n Oortreding van 'n Nie-ernstige Aard en Aantekening van Vonnis Opgelê.

(6) (a) Indien die beskuldigde, nadat die besonderhede van die aanklag aan hom verstrekkend is, te kenne gee dat hy voornemens is om skuldig te pleit, kan die bevelvoerende offisier, ondanks andersluidende bepalinge van hierdie regulasie en mits hy van mening is dat die beweerdde oortreding van 'n nie-ernstige aard is, gelas dat die beskuldigde voor hom of enige ander offisier gebring word, en indien die beskuldigde by verskyning skuldig pleit, kan die bevelvoerende offisier of ander offisier, na gelang van die geval, hom op sy pleit van skuldig en sonder om getuieis ter stawing van die aanklag op te teken, veroordeel en berispe of 'n boete van hoogstens twee rand oplê.

(b) 'n Berisping of 'n boete opgelê kragtens paragraaf (a) moet nie op die staat van misdrywe of oortredings van die betrokke lid of spesiale bewaarder aangeteken word nie, en by enige latere skuldigbevinding aan 'n dissiplinêre oortreding, moet dit ook nie as 'n vorige skuldigbevinding bewys of aanvaar word nie: Met dien verstande dat die Kommissaris kan gelas dat die bepalinge van hierdie paragraaf ook van toepassing is ten opsigte van 'n ander berisping of 'n boete van hoogstens R2 as dié wat ingevolge paragraaf (a) ten opsigte van skuldigbevinding aan 'n misdryf of oortreding opgelê is.

Bevoegdheid om Vervolging Stop te Sit.

(7) Wanneer 'n lid of spesiale bewaarder op 'n aanklag van 'n oortreding van of versuim om te voldoen aan 'n bepaling van hierdie regulasies, gepleit het, moet daar met sodanige aanklag voortgegaan word totdat uitspraak gegee word: Met dien verstande dat die Kommissaris of, met sy toestemming, die lid wat kragtens subregulasie (2) aangewys is om as vervolger op te tree, om grondige en afdoende redes te eniger tyd nadat die beskuldigde gepleit het en voordat uitspraak gegee word, die vervolging stop kan sit, en in so 'n geval is die aangeklaagde lid of spesiale bewaarder ten opsigte van daardie aanklag op vryspraak geregtig.

(F) STAAT VAN MISDRYWE EN OORTREDINGS.

Aantekening van Veroordelings.

76 (1) (a) Behoudens die bepalinge van paragraaf (b) van subregulasie (6) van regulasie 75 moet al die skuldigbevindinge ten opsigte van enige misdryf of oortreding van hierdie Wet van 'n lid wat nie 'n offisier is nie, of van 'n spesiale bewaarder, hetsy deur 'n hooggeregshof of deur 'n landdroshof of kragtens artikel 50, of 53 van die Wet, aangeteken word op 'n staat van misdrywe en oortredings van die betrokke lid of spesiale bewaarder.

(b) Indien 'n lid of spesiale bewaarder vir 'n tydperk van vyf jaar sedert die datum van sy laaste skuldigbevinding nie aan 'n verdere misdryf of oortreding skuldig bevind is nie, moet alle vorige skuldigbevindinge van sodanige lid of spesiale bewaarder van sy staat van misdrywe of oortredings geskrap word.

Oorweging van Vorige Skuldigbevindinge voor Toekenning van Medalje vir Troue Diens.

(2) Ondanks die skraping van die aantekeninge van enige skuldigbevinding op die staat van misdrywe en oortredings van 'n lid of spesiale bewaarder, moet die Kommissaris rekening hou met sodanige skuldigbevinding en volle oorweging daaraan skenk voordat hy kragtens subregulasie (4) van regulasie 81 die toekenning van die „Medalje vir Troue Diens" aan sodanige lid of spesiale bewaarder aanbeveel.

DISCIPLINARY CONTRAVENTIONS.

Specific Contraventions.

99 (1) A prisoner who contravenes, or fails to comply with a provision of these regulations, or who —

- (a) wilfully gives false replies to questions put to him by a member or other person employed in a prison; or
- (b) disobeys a lawful command or order by a member or special warder or ignores any regulation or order; or
- (c) is insolent or disrespectful towards a member or any other person employed in a prison or towards an official or any other visitor to a prison; or
- (d) is idle, careless or negligent in his work or refuses to work; or
- (e) swears or makes use of slanderous, insulting, obscene, threatening or other improper language; or
- (f) conducts himself indecently by word, act or gesture; or
- (g) commits any petty assault; or
- (h) converses or communicates in any other manner with another prisoner or any other person at a time or place when he is not permitted to do so; or
- (i) sings, whistles or makes unnecessary noise or causes unnecessary trouble or is a nuisance; or
- (j) without permission leaves his cell or place of work or any other place to which he is assigned; or
- (k) in any manner disfigures or damages any part of the prison or any article therein or any other Administration property; or
- (l) has in his cell or possession any unauthorised article or attempts to obtain any such article or commits a petty theft; or
- (m) without permission receives from or gives to any person any article or obtains possession thereof in any other manner; or
- (n) causes discontent, agitation or insubordination among his fellow-prisoners or participates in any conspiracy; or
- (o) lodges false, frivolous or malicious complaints; or
- (p) makes false and malicious accusations against a member, a fellow-prisoner or other person; or
- (q) in any manner shirks work; or
- (r) wilfully loses, destroys, alters, defaces or barter an identification card, document or other article issued to him; or
- (s) commits an act with the intention of endangering his life, injuring his health or hampering his work or otherwise conducts himself to the prejudice of good order and discipline; or
- (t) in any manner acts contrary to good order and discipline; or
- (u) attempts to commit any of the afore-mentioned acts or incites or instigates or commands or procures a member or special warder or other person or another prisoner to commit any such act;

shall be guilty of a contravention of these regulations.

TUGOORTREDINGS.

Bepaalde oortredings.

99 (1) 'n Gevangene wat die een of ander bepaling van hierdie regulasies oortree of versuim om daaraan te voldoen of wat:

- (a) moedswillig 'n onware antwoord gee op vroe gestel deur 'n lid of ander persoon werksaam in 'n gevangenis; of
- (b) 'n wettige bevel of opdrag van 'n lid of spesiale bewaarder nie gehoorsaam nie of enige regulasie of order verontagsaam; of
- (c) parmantig of oneerbiedig is teenoor 'n lid of enige ander persoon werksaam in 'n gevangenis of teenoor 'n amptelike of enige ander besoeker aan 'n gevangenis; of
- (d) lui, agtelosig of nalatig is in sy werk of weier om te werk; of
- (e) vloek of lasterlike, beledigende, vuil, dreigende of enige ander onbehoorlike taal gebruik; of
- (f) homself deur woord, daad of gebaar onsedelik gedra; of
- (g) 'n geringe aanranding pleeg; of
- (h) met 'n ander gevangene of enige ander persoon te eniger tyd of op eniger plek of op enige ander wyse met hom in verbinding tree wanneer hy nie toegelaat word om dit te doen nie; of
- (i) sing, fluit of onnodige geraas maak of onnodige moeilikheid veroorsaak of 'n oorlas is; of
- (j) sonder toestemming sy sel of werkplek of enige ander plek wat hom aangewys is, verlaat; of
- (k) op enige wyse 'n gedeelte van die gevangenis of enige voorwerp daarin of enige ander Administrasie-eiendom skend of beskadig; of
- (l) enige ongeoorloofde artikel in sy sel of besit het of poog om enige sodanige artikel te bekom of 'n geringe diefstal pleeg; of
- (m) sonder toestemming enige artikel van enige persoon ontvang of dit aan 'n persoon gee of besit daarvan op enige ander wyse verkry; of
- (n) ontevredenheid, opgewondenheid of insubordinasie onder sy medegevangenes veroorsaak of aan enige sameswering deelneem; of
- (o) valse, beuselagtige of kwaadwillige klagtes indien; of
- (p) valse en kwaadwillige aantygings teen 'n lid, 'n medegevangene of ander persoon maak; of
- (q) op enige wyse werk ontduik; of
- (r) 'n identiteitskaart, dokument of enige ander artikel wat aan hom uitgereik is, opsetlik verloor, vernietig, verander, skend of verruil; of
- (s) 'n daad pleeg om sy lewe in gevaar te stel, sy gesondheid te benadeel of sy werk te belemmer of hom andersins so gedra dat die goeie tug en orde benadeel word; of
- (t) op enige wyse strydig met die goeie orde en tug handel; of
- (u) poog om enigeen van voormelde daade te pleeg of 'n lid of spesiale bewaarder of ander persoon of 'n ander gevangene aanspoor of aanhits of bevel of oorhaal om enige sodanige daad te pleeg

is skuldig aan 'n oortreding van hierdie regulasies.

venue of Trial.

(2) The trial of a prisoner, whether in terms of section 51 or 54 of the Act, on an alleged contravention of or failure to comply with, the provisions of any regulation, shall be held at any prison or other place specially or generally designated by the Commissioner for that purpose.

Designation of Prosecutor.

(3) The commanding officer may, in general, detail the head of a prison or one or more additional members of such prison to act as prosecutor at the trial of a prisoner on a charge of a contravention of, or failure to comply with, any regulation: Provided that the trial magistrate or commissioned officer, as the case may be, may designate any other member to conduct such prosecution if the head of the prison or a designated member is not available or cannot for some good reason appear: Provided further that, if such trial is held by a magistrate, he may, at his discretion, designate a person who has been delegated to prosecute in a magistrate's court, to act as prosecutor at such trial.

Attendance of Accused Prisoner and Witnesses at Trial.

(4) (a) The head of the prison or other member detailed in terms of subregulation (3) to act as prosecutor shall make arrangements for the attendance of the accused prisoner and of any member or special warder required to give evidence at the trial, and shall warn or subpoena, according to requirements, any other person to attend the trial to give evidence or produce any document or thing, whether in support of the charge or in defence of the accused prisoner.

(b) A subpoena, in the prescribed form, served on a person required to give evidence or to produce any book, record, document or thing at the trial shall be issued under the hand of a magistrate or commissioned officer generally or specially authorised to undertake such trial and the service thereof shall be subject to the rules of court applicable to the service of such process in a summary trial on a criminal charge in a magistrate's court.

(c) If it is necessary for the head of the prison, or any member detailed in terms of subregulation (3) to act as prosecutor, to give evidence of a formal nature in support of the charge, he shall, as far as possible, give such evidence before calling any other witness.

Competence to Stop Prosecution.

(5) Whenever a prisoner has pleaded to a charge of contravention of, or failure to comply with, any provisions of these regulations, the prosecution of such charge shall proceed to verdict: Provided that the Commissioner or, with his consent, the head of the prison or other member detailed under subregulation (3) to act as prosecutor, may, for good and sufficient reasons, at any time after pleaded before verdict, stop the prosecution, in which event the accused prisoner shall be entitled to a verdict of acquittal in respect of that charge.

Summary Disposal by Head of Prison.

(6) (a) If, on investigation of an alleged contravention of these regulations by a prisoner, the head of a prison has reasonable grounds for believing that, on conviction of the prisoner, one of the punishments set out in subsection (4) of section 54 of the Act will be imposed, and,

Plek van Verhoor.

(2) Die verhoor van 'n gevangene, hetsy kragtens artikel 51 of 54 van die Wet, weens 'n beweerde oortreding of nie-nakoming van die bepalings van enige regulasie moet gehou word by enige gevangenis of ander plek wat die Kommissaris spesiaal of in die algemeen vir daardie doel aangewys het.

Aanwysing van Aanklaer.

(3) Die bevelvoerende offisier kan in die algemeen die hoof van 'n gevangenis of een of meer addisionele lede van sodanige gevangenis aanwys om as aanklaer op te tree by die verhoor van 'n gevangene weens 'n aanklag van 'n oortreding of nie-nakoming van enige regulasie: Met dien verstande dat die verhoorlanddros of -offisier, na gelang van die geval, enige ander lid kan aanwys om sodanige vervolging waar te neem indien die hoof van die gevangenis of 'n ander aangewese lid nie beskikbaar is nie of om 'n grondige rede nie kan verskyn nie: Met dien verstande voorts dat, indien sodanige verhoor voor 'n landdros geskied, hy na sy goedvinde 'n persoon wat gedelegeer is om in 'n landdroshof te vervolg, kan aanwys om as aanklaer by sodanige verhoor op te tree.

Bywoning van 'n Verhoor deur Aangeklaagde Gevangene en Getuies.

(4) (a) Die hoof van die gevangenis of ander lid wat kragtens subregulasie (3) aangewys is om as aanklaer op te tree, moet reëlings tref vir die bywoning van die aangeklaagde gevangene van enige lid of spesiale bewaarder wat by die verhoor nodig is om getuie af te lê en moet enige ander persoon aansê of dagvaar, na gelang van die vereistes, om die verhoor by te woon en getuies af te lê of om enige dokument of ding voor te lê hetsy ter staving van die aanklag of verdediging van die aangeklaagde gevangene.

(b) 'n Dagvaarding, in die voorgeskrewe vorm, beteken aan 'n persoon wat nodig is om getuie af te lê of om enige boek, stuk, dokument of ding by die verhoor voor te lê moet uitgereik word onder die handtekening van 'n landdros of offisier wat in die algemeen of spesiaal gemagtig is om sodanige verhoor waar te neem, en die betekening daarvan is onderhewig aan die hofreëls wat van toepassing is op die betekening van so 'n proses in 'n summier verhoor van 'n kriminele aanklag in 'n landdroshof.

(c) As dit vir die hoof van 'n gevangenis of 'n lid wat kragtens subregulasie (3) aangewys is om as aanklaer op te tree, nodig is om getuie van formele aard ter staving van die aanklag af te lê, moet hy sover moontlik, sodanige getuie aflê voordat hy ander getuies roep.

Bevoegdheid om Vervolging Stop te Sit.

(5) Wanneer 'n gevangene op 'n aanklag van 'n oortreding of nie-nakoming van die bepalings van hierdie regulasies gepleit het, moet die vervolging van sodanige aanklag tot uitspraak voortgesit word: Met dien verstande dat die Kommissaris of, met sy toestemming, die hoof van die gevangenis of ander lid wat kragtens subregulasie (3) aangewys is om as vervolger op te tree, om grondige en afdoende redes te eniger tyd na pleiting en voor uitspraak die vervolging kan stopsit, en in so 'n geval is die aangeklaagde gevangene ten opsigte van daardie aanklag op vrypraak geregtig.

Summiere Afhandeling deur Hoof van Gevangenis.

(6) (a) Indien die hoof van 'n gevangenis, na ondersoek van 'n beweerde oortreding van hierdie regulasies deur 'n gevangene, redelike gronde het om te vermoed dat een van die strawwe gemeld in subartikel (4) van artikel 54 van die Wet, by skuldigbevinding opgelê sal word en

if the prisoner, after having been informed of the nature of the alleged contravention —

- (i) admits that he is guilty of the contravention, the head of the prison may impose one of the punishments referred to in paragraph (a) and shall thereupon record particulars of such contravention and punishment as prescribed; or
- (ii) denies that he is guilty of the contravention, he shall be formally charged in terms of this Act.

(b) If the prisoner raises an objection that the punishment imposed is excessive and unreasonable, the head of the prison shall forthwith submit full particulars of the contravention and his report, together with supporting statements, if any, as well as the grounds for such objection, to the commanding officer for review and decision as prescribed.

(c) Notwithstanding the provisions of paragraph (b), but subject to the provisions of subregulation (7), any punishment imposed in terms of subparagraph (i) of paragraph (a) shall in the ordinary course of events be subject to review and decision as prescribed.

(d) The execution of a punishment imposed in terms of subparagraph (i) of paragraph (a) shall be suspended pending confirmation or otherwise on review as provided for in this regulation.

Review by Commissioner.

(7) (a) Whenever a sentence in respect of a conviction on a contravention of any of these regulations has been imposed on a prisoner in terms of paragraphs (a), (b) or (c) of subsection (2) of section 54 of the Act, the Commissioner may, if he thinks fit, direct that the record of the proceedings shall be submitted to him for review.

(b) The record of the proceedings referred to in paragraph (a) shall be transmitted by the commanding officer to the Commissioner within seven days of the receipt of the direction by the Commissioner to submit the record, and such record shall be accompanied by a written statement by the trial commissioned officer showing —

- (i) the facts he found to be proved; and
- (ii) his reasons for conviction and the sentence imposed.

(c) Upon review of the record of proceedings and the written statement referred to in paragraph (b), the Commissioner may confirm, alter or quash the conviction or confirm, reduce, alter or set aside the sentence.

(d) The Commissioner may set aside, reduce or otherwise alter a sentence imposed in terms of section 54 of the Act, if he is of the opinion that, in the circumstances of the case, it is unjust or undesirable to enforce such sentence or portion thereof, or that, for other good and sufficient reasons, the sentence or portion thereof cannot be enforced.

Confiscation of Money and Valuables.

(8) Money or other valuables found in the unlawful possession of a prisoner, or unlawfully brought into a prison, may be declared by the Commissioner to be forfeited to the Administration.

indien die gevangene, nadat hy van die aard van die be-
weerde oortreding verwittig is —

- (i) erken dat hy skuldig is aan die oortreding, kan die hoof van die gevangenis een van die strawwe wat in paragraaf (a) bedoel word, opelê en moet hy daarna besonderhede van sodanige oortreding en straf aanteken soos voorgeskryf; of
- (ii) ontken dat hy skuldig is aan die oortreding moet hy kragtens hierdie Wet formeel aangekla word.

(b) Indien die gevangene daarteen beswaar maak dat die straf wat opgelê is, buitensporig of onredelik is, moet die hoof van die gevangenis onverwyld volledige besonderhede van die oortreding en sy verslag, tesame met stawende verklarings, indien daar is, asook die gronde vir sodanige beswaar, aan die bevelvoerende offisier voorlê vir hersiening en beslissing soos voorgeskryf.

(c) Ondanks die bepalinge van paragraaf (b), maar behoudens die bepalinge van subregulasie (7), is enige straf wat kragtens subparagraph (i) van paragraaf (a) opgelê is, in die gewone loop van sake onderhewig aan hersiening en beslissing soos voorgeskryf.

(d) Die tenuitvoerlegging van 'n straf opgelê kragtens subparagraph (i) van paragraaf (a) moet opgeskort word in afwagting van bekragtiging, of andersins, by hersiening soos in hierdie regulasie bepaal.

Hersiening deur Kommissaris.

(7) (a) Wanneer 'n gevangene ten opsigte van 'n skuldigbevinding aan 'n oortreding van enigeen van hierdie regulasies gevonnisd is kragtens paragraawe (a), (b) en (c) van subartikel (2) van artikel 54 van die Wet, kan die Kommissaris, as hy dit dienstig vind, gelas dat die oorkonde van die verrigtings aan hom voorgelê word vir hersiening.

(b) Die oorkonde van die verrigtings in paragraaf (a) gemeld, moet deur die bevelvoerende offisier binne sewe dae na ontvangs van die aansegging van die Kommissaris om sodanige oorkonde voor te lê, aan die Kommissaris deurgestuur word en moet vergesel gaan van 'n skriftelike verklaring deur die verhooroffisier wat die volgende meld:—

- (i) die feite wat hy bevind het bewys te wees; en
- (ii) sy redes vir skuldigbevinding en die vonnis wat opgelê is.

(c) By hersiening van die oorkonde van die verrigtinge en die skriftelike verklaring in paragraaf (b) bedoel, kan die Kommissaris die skuldigbevinding bekragtig, versag, wysig of ter syde stel.

(d) Die Kommissaris kan 'n vonnis kragtens artikel 54 van die Wet opgelê, ter syde stel, versag of andersins wysig indien hy van mening is dat, in die omstandighede van die geval, dit onregverdig of onwenslik is om sodanige vonnis of 'n deel daarvan om ander goeie en afdoende redes nie uitgevoer kan word nie.

Verbeurdverklaring van Geld en Waardevolle Artikels.

(8) Geld of ander waardevolle artikels wat in die onwettige besit van 'n gevangene gevind word of wat wederregtelik in 'n gevangenis ingebring is, kan deur die Kommissaris ten behoeve van die Administrasie verbeurd verklaar word.

No. 92.]

[1 July 1968

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section 15 of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) to approve that the Model Water Supply Regulations for Village Management Boards, as published under Government Notice 47 of 1965 and amended by Government Notice 57 of 1968, be applied to the Village Management Board Area of Stampriet.

No. 93.]

[1 July 1968

COMMISSIONERS OF OATHS EX OFFICIO.

AMENDMENT OF SCHEDULE TO PROCLAMATION
24 OF 1928.

The Administrator has been pleased under the powers vested in him by section 3 (2) of the Commissioners of Oaths Proclamation 1928 (Proclamation 24 of 1928) to amend the schedule to such proclamation by the substitution therefor of the following schedule:—

"SCHEDULE

EX OFFICIO COMMISSIONERS OF OATHS

<i>Office.</i>	<i>Area in which oath may be administered or declaration taken.</i>
Administrator	South West Africa
Banking Institution registered under the Banks Act, 1965 (Act 23 of 1965) —	
Head Office or Sub-Head Office —	
Chief General Manager, General Manager, Assistant General Manager, General Manager's Assistant, Secretary	Magisterial district in which office is situated
Section or Branch of Head Office or Sub-Head Office —	
Manager, Assistant Manager, Sub-Manager	Magisterial district in which office is situated
Branch Office or Section of Branch Office —	
Manager, Assistant Manager, Sub-Manager	Magisterial district in which office is situated
Bantu Investment Corporation of South Africa, Limited —	
General Manager	South West Africa
Branch Manager	South West Africa
Investigation Officer	South West Africa
Secretary	South West Africa
Bantu Authority —	
Commissioner-General of a Bantu National Unit	South West Africa
Chairman of a Bantu Territorial Authority	Territory for which the territorial authority was established
Building Society registered under the Building Societies Act, 1965 (Act 24 of 1965) —	
Manager, Assistant Manager, Sub-Manager	Area for which appointed

No. 92.]

[1 Julie 1968

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 15 van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) goed te keur dat die Modelregulasies op Waterlewering vir Dorpsbesture, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing 47 van 1965 en gewysig by Goewermentskennisgewing 57 van 1968, op die Dorpsbestuursgebied van Stampriet toegepas word.

No. 93.]

[1 Julie 1968

KOMMISSARISSE VAN EDE EX OFFICIO.

WYSIGING VAN BYLAE VAN PROKLAMASIE
24 VAN 1928.

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 3 (2) van die Kommissarisse van Ede Proklamasie 1928 (Proklamasie 24 van 1928) die bylae van sodanige proklamasie te wysig deur dit deur die volgende bylae te vervang:—

„BYLAE

KOMMISSARISSE VAN EDE: EX OFFICIO

<i>Amp.</i>	<i>Gebied waarin ede of verklaring geneem kan word.</i>
Administrateur	Suidwes-Afrika
Bankinstelling ingevolge die Bankwet, 1965 (Wet 23 van 1965), geregistreer —	
Hoofkantoor of Subhoofkantoor —	
Hoof Algemene Bestuurder, Hoof- of Algemene Bestuurder, Assistent-Algemene Bestuurder, Assistent van die Hoof- of Algemene Bestuurder, Sekretaris	Landdrostdistrik waarin kantoor geleë is.
Afdeling of Tak van Hoofkantoor of Subhoofkantoor —	
Bestuurder, Assistent-Bestuurder of Onderbestuurder	Landdrostdistrik waarin kantoor geleë is.
Takkantoor of Afdeling van Takkantoor —	
Bestuurder, Assistent-Bestuurder of Onderbestuurder	Landdrostdistrik waarin kantoor geleë is.
Bantoebeleggingskorporasie van Suid-Afrika, Beperk —	
Hoofbestuurder	Suidwes-Afrika
Ondersoekbeampte	Suidwes-Afrika
Sekretaris	Suidwes-Afrika
Takbestuurder	Suidwes-Afrika
Bantoeowerheid —	
Kommissaris-generaal van 'n Bantoevolksenheid	Suidwes-Afrika
Voorsitter van 'n Bantoegebiedsowerheid	Gebied waarvoor Gebiedsowerheid ingestel is
Bouverenigings ingevolge die Bouverenigingswet, 1965 (Wet 24 van 1965) geregistreer —	
Bestuurder, Assistent-bestuurder, Onderbestuurder	Gebied waarvoor aangestel

Health Services — District Surgeon, Additional District Surgeon, Assistant District Surgeon	Area for which appointed	Gesondheidsdienste — Distriksgeneesheer, Addisionele Distriksgeneesheer, Assi- stent-distriksgeneesheer	Gebied waarvoor aangestel
Government Subsidised Hospital — Matron	Magisterial district in which hospital is situated	Staatsgesubsidieerde hospitaal — Matrone	Landdrosdistrik waarin hospitaal geleë is
Medical Superintendent	Magisterial district in which hospital is situated	Mediese Superintendent	Landdrosdistrik waarin hospitaal geleë is
Secretary	Magisterial district in which hospital is situated	Sekretaris	Landdrosdistrik waarin hospitaal geleë is
Sister	Magisterial district in which hospital is situated	Suster	Landdrosdistrik waarin hospitaal geleë is
Prisons — Chief Warder	Magisterial district in which employed	Gevangenis — Hoofbewaarder	Landdrosdistrik waar in diens
Head Warder	Magisterial district in which employed	Opperbewaarder	Landdrosdistrik waar in diens
Member of Prisons Service in charge of a prison	Magisterial district in which employed	Lid van die Gevangenisdiens wat die hoof van 'n gevangenis is	Landdrosdistrik waar in diens
Marriage Officer — Marriage officer appointed in terms of the Marriage Ordinance, 1963 (Ordinance 33 of 1963)	Area for which appointed	Huweliksbevestiger — Huweliksbevestiger aangestel in- gevolge die bepalings van die Huweliksordonnansie, 1962 (Or- donnansie 33 van 1963)	Gebied waarvoor aangestel
Co-operative Society registered un- der the Co-operative Societies Or- dinance, 1946 (Ordinance 15 of 1946) — Branch Manager	Magisterial district in which branch of society is situated	Koöperatiewe Verenigings ingevol- ge die Ordonnansie op Koöperatie- we Verenigings 1946 (Ordonnansie 15 van 1946) geregistreer — Hoofbestuurder	Landdrosdistrik waarin vereniging geleë is
General Manager	Magisterial district in which society is situated	Takbestuurder	Landdrosdistrik waarin tak van die vereniging geleë is
Secretary	Magisterial district in which society is situated	Sekretaris	Landdrosdistrik waarin vereniging geleë is
